**Doop as teken van 'n geestelike waarheid buite ons**

*1 Kor. 2:20; Heb. 13:8*

gereformeerd.org/bybelse-doop/

## Gesindheid wanneer ons gesels oor die doop

- Neem aan die ander persoon is in sy gewete oortuig van ’n saak
    - En ons moet nie iemand ander se bedoeling bevraagteken nie
        - Veral as die persoon bely dat hy slegs deur genade gered is
        - Daar is opregte gelowiges in al twee kante van die doop-standpunt
    - Waarheid in liefde
        - Ef. 4:15
    - Ons is almal besig op die pad van heiligmaking
        - En ons moet heeltyd die Skrif ondersoek om te bepaal of ons gehoorsaam is aan die Here

- Hierdie voordrag gaan in drie dele behandel word:
    - Die **groot prentjie**
    - Die betekenis van **sakramente**
    - Die betekenis van **die doop**

## Groot prentjie

- Alle beloftes om mense te red van die ewige oordeel van God vind hulle vervulling in Christus

  *Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot heerlikheid van God deur ons*. (2 Kor. 1:20)

  *Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid*. (Heb. 13:8)

- Die groot prentjie is belangrik, want
    - Dan sien ons dat God nog altyd net EEN plan van verlossing gehad het
    - Al Sy tekens aan sy mense het nog altyd na die vervulling van hierdie plan van verlossing (belofte(s)) gewys
        - Alle beloftes het na Jesus gewys

        - Die tekens (sakramente) wat die Here gegee het, wys altyd na dit wat Jesus kom wen het vir sy uitverkore volk
            - “Bekering tot vergifnis van sondes” [Hand. 2:39; Mk. 1:4]
            - “Regverdiging van die geloof” (Rom. 4:11)
            - “Bad van die wedergeboorte” (Tit. 3:5)

- Dit is uiteindelik **oor Christus** wat die **eerste tot die laaste belofte** gegaan het
    - **Tuin**

      *15 En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt*. (Gen. 3:15)

        - Al die ander beloftes bou **op hierdie belofte**
        - Al die ander beloftes bring **duidelikheid aan hierdie belofte**
        - Al die beloftes is verder ’n uitbouing hierop

    - **Noag**

      *maar Noag, die prediker van geregtigheid* **[hy het die geregtigheid deur die geloof gepreek]** (2 Pet. 2:5)

      *7* ***Deur die geloof het Noag****, toe hy 'n goddelike waarskuwing ontvang het aangaande wat nog nie gesien was nie, met eerbiedige vrees die ark gereed gemaak tot redding van sy huisgesin, waardeur hy die wêreld veroordeel het en 'n* ***erfgenaam geword het van die geregtigheid wat volgens die geloof is***. (Heb 11:7 AFR)

      *18 Want Christus het ook eenmaal vir die sondes gely, Hy die Regverdige vir die onregverdiges, om ons tot God te bring -- Hy wat wel gedood is na die vlees, maar lewend gemaak deur die Gees;*
      *19 in wie* ***[in die Gees het]*** *Hy* ***[Christus]*** *ook heengegaan en gepreek ... vir die geeste in die gevangenis* ***[die ongelowiges in die tyd van Noag],***

*20 wat eertyds ongehoorsaam was toe die lankmoedigheid van God een maal gewag het <u>in die dae van Noag</u>, onderwyl die ark gereed gemaak is, waarin weinig, dit is agt, siele deur water heen gered is;*
*21 waarvan die teëbeeld* ***[die beeld na die vloed wat in lyn is met die vloedbeeld]****, die doop, ons nou ook red, nie as 'n aflegging van die vuilheid van die vlees nie, <u>maar as 'n bede tot God om 'n goeie gewete</u>* ***[die doop wys op 'n objektiewe waarheid, hierdie waarheid wat ook deur gelowiges besit word]*** *-- deur die opstanding van Jesus Christus*
*22 wat heengegaan het na die hemel en aan die regterhand van God is, terwyl engele en magte en kragte aan Hom onderwerp is*. (1 Pet. 3:18-22)

- God maak belofte (rig verbond op), sodat moederbelofte sal realiseer
  - Dat die kerk (en mensdom) bewaar word sodat die vrou se saad (Gen. 3:15) gebore sal word

  *11 En Ek rig my verbond met julle op, dat alle vlees nie meer deur die waters van die vloed uitgeroei sal word nie, en dat daar geen vloed meer sal wees om die aarde te verwoes nie*. (Gen. 9:11)

- Abraham
  - Weereens uitbreiding van moederbelofte

  *En die HERE het aan Abram gesê: Gaan jy uit jou land en uit jou familie en uit jou vader se huis****, na die land*** *wat Ek jou sal wys.*
  *2 En Ek* ***sal jou 'n groot nasie maak*** *en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy 'n seën sal wees.*
  *3 En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek;* ***en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word***. (Gen 12:1-3 AFR)

  *Aan jou* ***nageslag [of saad, Gal. 3:16]*** *sal Ek hierdie land gee*. (Gen. 12:7 AFR)

*Nou is aan Abraham die beloftes toegesê en aan sy saad. Hy sê nie: En aan die sade, asof dit op baie sien nie, maar op een:* ***En aan jou saad, dit is Christus***. (Gal 3:16 AFR)

- Aan Abraham is teken van besnydenis gegee (Gen. 17)

- Onthou, Jakob (wat later Israel is, en waaruit Israel gekom het) was Abraham se klein kind
  - Ismael, Isak, Esau is almal besny (maar was nie kinders van Jakob (Israel) nie, en dus nie Israeliete nie)
  - Die teken van die besnydenis (Gen. 17) **kon dus nie wys na die feit dat hulle deel is van die nasionale volk Israel nie**

    *6 En Ek sal jou buitengewoon vrugbaar maak: Ek sal jou tot nasies maak, en konings sal uit jou voortkom.*
    *7 En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag ná jou.*
    *8 En Ek sal aan jou* ***en jou nageslag*** [Gal. 3:16] *ná jou die land van jou vreemdelingskap gee, die hele land* ***Kanaän, as 'n ewige besitting [en Abraham het doodgegaan met net 'n graf as grond – waarna het Abraham dus uitgesien?]****; en Ek sal vir hulle 'n God wees.*
    *9 Verder het God aan Abraham gesê: Maar jy moet my verbond hou, jy en jou nageslag ná jou, van geslag tot geslag.*
    *10 Dit is my verbond wat julle moet hou tussen My en julle en jou nageslag ná jou: Al wat manlik onder julle is, moet besny word* --
    (Gen. 17:6-10)

    **[Dis waarna Abraham uitgesien het:]**

    *56 Abraham, julle vader, het hom verheug dat hy my dag sou sien; en hy het dit gesien en het hom verbly*. (Joh. 8:56)

*13 Want die belofte dat hy **erfgenaam van die wêreld** [verg. Gen. 17:8] sou wees, het Abraham of sy nageslag nie deur die wet verkry nie, maar deur die geregtigheid van die geloof*. (Rom. 4:13)

*10 Want hy het die stad verwag wat fondamente het, waarvan God die boumeester en oprigter is*. (Heb. 11:10)

- Wat moes die besnydenis vir Abraham en almal daarna beteken het?

  *En hy het die <u>teken van die besnydenis ontvang as 'n seël van die geregtigheid van die geloof</u> toe hy nog nie besny was nie* (Rom. 4:11)

  - Let wel: nie ŉ teken en seel van sy geloof nie
    - Maar ŉ teken en seel van: geregtigheid van die geloof

  *Abraham het in God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken*. (Rom. 4:3)

  *Aan Abraham is die geloof tot geregtigheid gereken* (Rom. 4:9)

- Moses/Sinai-verbond, bekend as die Ou Verbond
  - Die ou verbond (Heb. 8&9)
    - **Herinner** ons aan die moederbelofte;
    - **Dryf ons** na die moederbelofte;
    - **leer ons om te leef in die realiteit** van die moederbelofte

    *17 Maar ek sê dít: die wet wat vier honderd en dertig jaar later gekom het, maak die verbond wat deur God in Christus vantevore bekragtig is, nie kragteloos om die belofte tot niet te maak nie. (Gal 3:17)*

    *2 Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die **slawehuis, uitgelei het***. (Ex. 20:2)

*24 Die wet was dus **ons tugmeester** na Christus toe, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof*. (Gal. 3:24)

*En as julle aan **Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham** en volgens die belofte erfgename*. (Gal. 3:29)

- Twee berge = Twee verbonde
  - Sinai/Moses nie eintlik sleg nie
    - Maar die Fariseers het die regte verstaan van die wet verdraai en misbruik om geregtigheid deur werke te leer.... **dit is die teenswoordige Jerusalem** (Gal. 4:24-25)

      *24 Dit is sinnebeelde, want dié vroue staan vir twee verbonde: een, van die berg Sinai afkomstig, wat vir die slawerny kinders baar -- dit is Hagar;*
      *25 want Hagar staan vir die berg Sinai in Arabië en **kom ooreen met die teenswoordige** Jerusalem* (Gal 4:24-25)

    - Die mense in Jerusalem (aka Fariseers) wou **deur die wet geregverdig word**

  - Die wet is goed (dis die mens wat boos is)
    - Tog kan die wet nie red nie

      *Dus is die wet heilig en die gebod is heilig en regverdig en goed* (Rom. 7:12)

  - Deur prentjies is daar op Christus gewyse

> *5 hulle [priesters onder die ou verbond] (bedien) 'n afbeeldsel en skaduwee van die hemelse dinge bedien*, (Heb. 8:5)

- Maar wat van die “beter” beloftes?
    - Beteken dit dat die Nuwe Testament heeltemal nuwe beloftes gebring het?
    - Nee, daar is op die OT beloftes uitgebrei

      *6 Maar nou het Hy 'n voortrefliker bediening verkry vir sover Hy ook Middelaar is van 'n beter verbond wat op beter beloftes wettelik gegrond is* (Heb 8:6 AFR)

    - Beter beloftes in die sin dat daar nou duideliker uitgewys word
        - wat in die hiernamaals en op die nuwe hemel en aarde gaan wees

- Beloftes van die Nuwe Verbond
    - **Daar is ’n belofte in Jer. 31 dat daar beter beloftes** gemaak sou word
        - **M.a.w. die nuwe verbond/testament bring nie die volle realisering van die beloftes nie**
            - **Maar die nuwe verbond bring die nuwe beloftes**

      *31 Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond sal sluit;*
      *32 nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle hand gegryp het om hulle uit Egipteland uit te lei nie -- **my verbond wat húlle verbreek het**, alhoewel Ék gebieder oor hulle was, spreek die HERE.*
      *33 Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel **sal sluit**, spreek die HERE: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en <u>Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees</u>*. 34 En hulle sal nie meer

elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: Ken die HERE; want hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, spreek die HERE; want Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie. (Jer. 31:31-34; verw. Heb. 8:10; Gen. 17:7)

- "hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie"
    - Hierdie belofte van die Nuwe verbond vind eers sy vervulling in die hiernamaals
        - Want ons moet mekaar nog leer (Kol. 3:16)
    - Dit maak die punt dat daar in Jer. 31 belowe was dat daar 'n nuwe verbond gesluit gaan word met beloftes wat later hulle volle vervulling sal kry
        - In die hiernamaals!

- Die woord "nuwe"
    - Die Griekse woord (*kairos*) wat met "nuwe" in die frase "nuwe verbond" vertaal word, het meer die betekenis van "beter" of "verbeter" of "herstel" as wat dit "splinternuut" beteken

- **Dawid**

*As jou dae vol is en jy met jou vaders ontslaap het, sal Ek jou nakomeling wat uit jou liggaam sal voortkom, laat optree en sy koningskap bevestig* (2 Sam. 7:12)

- Party sal sê dat hierdie nie verbond is nie, en ook nie na Jesus wys nie, maar:

  *Ek het 'n verbond gesluit met my uitverkorene, met 'n eed aan Dawid, my kneg, belowe:* ***Tot in ewigheid sal Ek jou nageslag bevestig en jou troon opbou van geslag tot geslag*** (Ps. 89:4-5)

- Alle beloftes om die mens te red van die ewige oordeel van God vind hulle vervulling in Christus
    - En alle tekens wys na die werk van Christus
    - **Geloof in die Here wat verlos [wat Jesus se naam betek] was en is nog altyd die enigste manier hoe mense gered kon word**

      *Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot heerlikheid van God deur ons*. (2 Kor. 1:20)

- Teken **van die** Nuwe Verbond
    - Nagmaal (1 Kor. 11)
    - Nie doop nie
- Tekens **IN** Nuwe Verbond
    - Doop, nagmaal

**Sakramente**

- <u>Die woord "sakrament"</u>
    - In die Latynse vertaling van die Bybel is die Griekse woord, *musterion*, 8 keer uit die 27 kere met *sacramentum* vertaal.
        - Ons kry ons woord "sakrament" van *sacramentum* af.
    - Die Griekse woord *musterion* word hoofsaaklik in die Afrikaans met "**verborgenheid**" vertaal.
    - *Musterion* beteken
        - iets wat onbekend is totdat dit openbaar gemaak word.
    - **Die eenvoudige betekenis dan van 'n sakrament is iets wat onbekend is totdat dit openbaar gemaak word**.
        - Dit is wat *musterion* beteken.
    - Hierdie woord *sacramentum* was o.a. gebruik om na die nagmaal en die doop te verwys in die **vroeë kerk**.
        - Dit maak sin, want deur die nagmaal en doop word daar op 'n
            - **sigbare manier**
                - **'n geestelike/onsigbare/inwendige waarheid aan ons gekommunikeer**, <u>en bevestig</u>

        - Hier beteken “inwendig” nie na “binne-in-ons” nie, maar dit verwys na “geestelik”/”onsigbaar”

      - M.a.w. dit <u>wat verborge</u> is, word aan ons bekend gemaak deur dit wat ons ken, die sigbare teken
    - **<u>Die teken en die betekende saak moet onderskei</u>** word

  - Beste en duidelike voorbeeld en verduideliking van ’n sakrament:

    *En hy het die teken van die besnydenis ontvang as 'n seël van die geregtigheid van die geloof toe hy nog nie besny was nie* (Rom. 4:11)

    - Teken:
      - Fisiese sigbare besnydenis
      - Afsny van die vlees
    - Betekende saak:
      - Besnydenis van die hart
        - Die inwendige/onsigbare/geestelike waarheid: geregtigheid van die geloof
          - Of geregtigheid deur die geloof

      *Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek besoeking sal doen oor almal **wat besny is, wat nogtans onbesnede is**:* (Jer. 9:25)

      ***Besny julle** vir die HERE en verwyder **die onbesnedenheid** van julle hart*, (Jer. 4:4)

    - Julle sal sien dat die besnydenis nie MAG gedien het as ’n teken van die mense se volkskap/nasionaliteit nie
      - Miskien **<u>so misbruik</u>**
      - Soos wat die **<u>doop misbruik word</u>** - soos mense wat leer dat die doop red

- Wat van kardinale belang is, is:

    - Die tekens en seels (sakramente) wys **ALTYD na 'n waarheid**
    - God is 'n God van waarheid
        - En dit waarna sy tekens wys **sal altyd waar wees!**

- Twee sakramente in die N.T.
    - Nagmaal: 1 Kor. 11; Lukas 22; Matt. 26; Mk. 14
    - Doop: Matt 28:19

**Die doop as sakrament**

- Is daar **slegs twee kategorieë** in die verstaan van die doop?
    - Nee
        - Party klein-dopers:
            - Jy is gered
            - Dit maak jou neutraal om God te kies
        - Party belydenis-dopers
            - Jy kry tale - die vervulling van die H.G
    - Terme definieer
        - Klein-dopers
            - Doop volwassenes en kinders
        - Belydenis-dopers
            - Doop slegs belydende gelowiges

- Hoekom doop ons?
    - Ons doop want dit is 'n bevel
    - Matt. 28:19

        *19 Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het*. (Mat 28:19)

- Maar wie moet gedoop word?
    - Ons weet ten minste dat mense wat uit die heidendom tot bekering kom en in Jesus glo, gedoop moet word
        - Bybelse gelowiges sal almal dit bely

        - **<u>Tog sal julle sien</u> dat die doop van belydende gelowiges by die kleindopers en belydenisdopers na verskillende sake wys**
        - NB!!!
            - Hierin verskil die kleindopers en die belydenisdopers **OOK**

    - Maar kan/moet babas **<u>VAN GELOWIGES</u>** ook gedoop word?
        - Dit gaan nou bespreek word

- Na watter onsigbare realiteit dui die doop? (H.K. V&A 73)

    - Ons moet die fisiese teken verstaan soos wat dit voor ons afspeel
        - Die persoon word met water gedoop
            - Dit moet ons laat dink aan:
                - Die **uitwendige wassing** neem die **vuilheid van die liggaam** weg
        - En eers dan moet ons verstaan dat dit
            - Die **wassing met Christus se bloed en Gees** wat die **sonde vuilheid** wegneem, afbeeld

              *... die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.* (1 Joh. 1:7)

              *(ons word) gered deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees* (Tit. 3:5)

            - Waaraan laat bad jou dink?
                - Na afwas van die vuilheid van die liggaam

    - Die **TEKEN** wys na ŉ **BETEKENDE saak**

      *Johannes het gekom en was besig om in die woestyn te doop en die doop van bekering tot vergifnis van sondes te verkondig.* (Mar. 1:4)

      ***(daar moet) bekering en vergewing van sondes*** *in sy Naam verkondig word aan al die nasies, van Jerusalem af en verder.* (Luk 24:47 AFR)

        - Sien die ooreenkoms met

          *En hy het die teken van die besnydenis ontvang as 'n seël van die geregtigheid van die geloof toe hy nog nie besny was nie* (Rom. 4:11)

- **Waar kan ons dit die duidelikste sien dat die doop na 'n onsigbare/geestelike/inwendige saak dui?**
    - By Jesus
        - **Waarom het Jesus hom laat doop?**
            - Het Hy homself bekeer en toe laat doop?
            - Het die doop na sy bekering gedui?
                - Jesus was volmaakte sondelose mens en die teken kon dus nie na sy bekering gedui het nie
                    - Daarom is die doop nie 'n bewys/teken van mense se bekering nie
            - Jesus het Hom vereenselwig met die **betekende saak** van die doop

- **Dit waarna die doop wys verskil tussen die belydenisdoop kerke en kinderdoopkerke**
    - Hier is 'n goeie en eerlike verwoording van 'n belydenisdoop standpunt

      *Ons verkondig dat die Christelike doop ... **'n plegtige getuienis is** van 'n gelowige wat sy geloof in die gekruisigde, begraafde en opgestane Verlosser bewys asook sy vereniging met Hom in die dood deur sonde en die opstanding tot 'n nuwe lewe (Rom 6:1-11). Dit is ook 'n **teken van gemeenskap en identifisering** met die sigbare liggaam van Christus (Hand 2:41-42).*

    - M.a.w.- hierdie standpunt beweer
        - Die doop is 'n teken van die **gelowige se realiteit/toestand**
            - Maar dan gaan die teken nie altyd waar wees nie
        - Byvoorbeeld:
            - **Simon die towenaar in Hand. 8:13 gedoop**

*En Simon het ook self gelowig geword, en nadat hy gedoop was...* (Hand. 8:13)

- Het die doop na sy wedergeboorte/sy identiteit in Christus gewys?
- Nee, want
  - Later het dit duidelik geword dat hy nie gelowig was nie

*Mag jou geld saam met jou vergaan* (Hand. 8:20)

- **Moet slegs dissipels van Jesus gedoop word?**
  - Hierin sal ons hopelik saamstem
    - Ja,
  - Matt. 28:19 leer dit: dissipels, doop
    - Volwasse gelowiges is dissipels
      - daarom word hulle gedoop
    - Kinders is dissipels
      - daarom word hulle gedoop

*4 En vaders, moenie julle kinders vertoorn nie, maar voed hulle op in die tug en vermaning van die Here*. (Ef. 6:4)

- Matt. 19:14; Markus 10:14; Lukas 18:16

*Laat die kindertjies (o.a. pasgebore kind) staan en verhinder hulle nie om na My te kom nie; want aan sulkes behoort die koninkryk van die hemele* (Mat 19:14 AFR)

- Hulle is na Jesus gebring = hulle is aanvaar en ontvang as dissipels van Jesus
- Kinders kan ook tot die koninkryk van God behoort
- M.a.w. ons kan nie aanneem dat kinders van gelowige ouers, nie gelowiges is nie

            - Ons neem aan hulle is gelowiges tot die teendeel bewys word

- **Gaan die doop nie teen ons verstaan van die aanbidding van God nie?**
    - Dat ons God slegs moet aanbid soos wat Hy beveel het nie?
        - Dit wat nie beveel word nie, moet verbied word?
            - Ja, ons erken dat ons moet doop, dit word beveel
                - Maar die bevel word nie gegee om slegs grootmense te doop nie

- **Geskiedenis**
    - **Protestante die anabaptiste laat doodmaak?**
        - Nie die kerk nie, partykeer die regering
            - Dis nie die kerke wat mense doodgemaak of verdrink nie
        - Regerings het nie noodwendig oor die doop-standpunt mens laat doodmaak nie
            - maar oor hulle anti-regering rebelse optredes
    - **Calvyn**
        - Calvyn het met Idelette se man (wat 'n wederdoper/anabaptis was) aanhou praat
            - Nie hom gehaat nie
            - En hy is ook nie gevang en doodgemaak nie
                - Haar man het later die kinderdoop-siening aanvaar
            - Calvyn is selfs later met Idelette, op aandring en aanbeveling van sy vriende, getroud
                - Dis nadat Idellete se vorige man dood was

        - Zwingli was op 'n stadium oortuig van die bekeringsdoop
            - Maar het daarvan bekeer

        - Waarvoor het die wederdopers hoofsaaklik gestaan (wat veroorsaak het dat hulle vervolg was)?

          *...Hierin verfoei ons die Wederdopers en ander oproerige mense*

*en in die algemeen almal wat die owerheidsgesag en regeerders wil verwerp en die regsorde omver wil stoot, terwyl hulle die gemeenskaplike besit van goedere invoer en die eerbaarheid wat God onder die mense ingestel het, versteur* (NGB 36)

- **Onthou tog**:
  - Die Gereformeerde Baptiste is nie die wederdopers van die Reformasie nie

- **Is die kinderdoop van die Gereformeerdes dieselfde as die Rooms Katolieke siening van die doop?**
  - Nee,
    - Die doop gee nie redding nie – dis wat die RK glo

- **Hoe kan iemand kinders doop want daar is <u>nie 'n voorbeeld</u> van kleindoop in die Bybel nie?**
  - In die vraag, is daar alreeds 'n aanname
    - Ons weet nie of daar nie kinders gedoop was nie
    - Spesifiek in Handelinge word gepraat van huisgesinne wat gedoop word.

  - Ja, daar is nie <u>spesifiek</u> 'n **voorbeeld** nie
    - Daar is 'n **moontlikheid**: gesinne
    - Tog sal die afwesigheid van 'n voorbeeld nie beteken dat kinders nie noodwendig gedoop kan word nie
    - Daar is **wel 'n bevel** dat kinders **van gelowiges** gedoop moet word

      *19 Gaan dan heen, **maak dissipels van al die nasies [nasies sluit in babas, mans, vrouens, konings etc.]**, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het*. (Matt. 28:19)

      *Want die belofte kom julle toe **en julle kinders** en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep* (Hand. 2:39)

*7 En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en* ***jou nageslag ná jou in hulle geslagte*** *as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag ná jou*. (Gen. 17:7)

- Dat God besluit het dat die kinders van gelowiges, en in hulle geslagte, dissipels van Hom gaan wees
    - Is Genade op genade
    - Geloof deur die geslagte
    - Nie noodwendig kop vir kop nie
    - Die hoed dit nie gedoen het nie

- **Maar wat van al die voorbeelde in Handelinge?**
    - Moet ons nie net bly by volwassenes nie?
    - Ons wil nie beskrywende voorbeelde gebruik om bevele af te ly nie
        - Soos wat ons nie kerkgeskiedenis wil gebruik om te wys hoe ons moet doop nie
            - Ons moet slegs **die Skrif gebruik**
    - Ons begin by die bevel
        - Bevel is om te doop
        - Dan is dit so dat ons sien dat belydende gelowiges gedoop word
            - Dan **moet dit reg wees** dat volwassenes gedoop word
            - Maar ons kan nie **noodwendig** aflei dat SLEGS belydende gelowiges gedoop mag word nie

- **Kan mens 'n absolute bevel uit beskrywende gedeeltes aflei? Nee, byvoorbeeld:**
    - Ons weet die bevel is om te doop
        - Ons sien groot mense is gedoop
            - Dus groot mense kan gedoop word
                - Maar dit beteken nie kinders mag nie gedoop word nie

    - Ons weet die bevel is daar om nagmaal te gebruik
        - Ons sien mans wat die nagmaal gebruik
            - Dus mans kan die nagmaal gebruik

        - Maar dit beteken nie vrouens kan nie die nagmaal gebruik nie

- **Hoe moet ons dan die Handelinge huishouding-dope verstaan?**
    - **Onthou die sterkte van die kleindoop argument staan en val nie by wie in die huisgesinne gedoop is nie**

    - Kinders van Abraham
        - *Saggeus*

          *8 Maar Saggéüs het gaan staan en aan die Here gesê: Here, kyk, die helfte van my goed gee ek vir die armes; en as ek van iemand iets afgepers het, gee ek dit vierdubbel terug.*
          *9 Toe sê Jesus aan hom: Vandag het daar* ***redding (dissipels) vir hierdie huis gekom****, aangesien hierdie man* ***ook 'n seun van Abraham*** *is*.
          (Luk. 19:8-9)

            - M.a.w. wanneer hy iemand ŉ dissipel van Hom maak, maak Hy dissipels van die gesin (en in hulle geslagte)

              *7 Julle verstaan dan dat die wat uit die geloof is, hulle is kinders van Abraham*. (Gal 3:7)
    - Cornelius
        - *Heilige Gees op* ***almal geval*** *wat die* ***woord gehoor het*** (Hand. 10:44 AFR)
        - **Voetnota: Moet die doop met die H.G. vandag nog gebeur?**
            - **Nee, d**ie tekens het die Woord bevestig!

              *20 Maar hulle het uitgegaan en oral gepreek, en die Here het saamgewerk en die woord bevestig deur die tekens wat daarop gevolg het. Amen*. (Mar 16:20 AFR)

            - Ons het nou die Woord

        - Daarom verwag ons nie hierdie buitengewone werk van die Gees nie

    - *47 Niemand kan tog die water weer, dat hierdie mense, wat net soos ons die Heilige Gees ontvang het, nie gedoop word nie? 48 En hy het beveel dat hulle gedoop moet word in die Naam van die Here.* (Hand. 10:47-48 AFR)
    - Moeilik om af te lei

  - Lidia
    - *14...die Here het haar hart geopen om ag te gee op wat deur Paulus gesê is. 15 En ...**sy en haar huisgesin (is) gedoop** ...* (Hand. 16:14-15 AFR)
      - Lidia glo,  en oos verwag word hele gesin gedoop
  - Tronkbewaarder
    - *32 En hulle het aan hom die woord van die Here verkondig en aan **almal wat in sy huis was**. 33 En in dieselfde uur van die nag het hy hulle geneem en hulle wonde gewas, en **hy is onmiddellik gedoop, hy en al sy mense***. (Hand.16:32-33)
      - *en hy het hom verheug met **sy hele huisgesin** dat hy tot geloof in God gekom het*. (Hand.16:34)
  - Crispus
    - *8 En Crispus, die hoof van die sinagoge, het met **sy hele huisgesin in die Here geglo**; en ook baie van die Korinthiërs het, toe hulle hom hoor, gelowig geword en is gedoop*. (Hand.18:8)
  - Stefanus
    - *Ek het ook nog **die huisgesin van Stéfanas gedoop***. (1 Kor.1:16)
    - *julle weet dat die huisgesin van Stéfanas die eersteling van Acháje is en dat hulle hul tot diens van die heiliges gestel het*  (1 Kor. 16:15)
      - Almal in huisgesin nou ouer geword?

  - NB!
    - “Alle” beteken nie noodwendig kop vir kop nie

- **Hoe moet ons 1 Kor. 7:14 verstaan?**

*14 Want die ongelowige man is geheilig deur die vrou, en die ongelowige vrou is geheilig deur die man; want anders sou julle kinders onrein wees, maar nou is hulle heilig*. (1 Kor. 7:14)

- Gelowige nog getroud bly
  - Die huweliksband **nog heilig** al is die man/vrou ongelowig
- Kinders van gelowiges ook heilig
  - Kinders van gelowiges word gereken as dissipels
  - Kinders deel van die kerk
  - Hulle word nie gereken as ongelowiges (onheiliges) nie

- **Maar dui die woord "doop" nie net na onderdompel nie? En daarom is besprinkel verkeerd?**
  - Al sou mens dit toegee dat doop onderdompel beteken, is dit nie 'n bewys dat babas nie gedoop kan word nie
      - Mens kan klein babas ook onderdompel

- **Waarop dui die woord "doop"? En die persoon word gedoop?**
  - Nie noodwendig onderdompeling van die persoon in water nie
    - M.a.w. nie noodwendig word die persoon van bo na onderdeur die water gevat nie
    - Byvoorbeeld: gedoop met die Heilige Gees
      - Mense gaan nie in die H.G. in nie
        - Maar die Heilige Gees het op hulle gekom

    *Want Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word nie lank ná hierdie dae nie*. (Hand. 1:5 AFR)

  - Dit beteken ook nie noodwendig **onderdompeling** nie
    - *En wanneer hulle van die mark kom, eet hulle nie as hulle nie gewas (βαπτίσωνται = **βαπτίζω** ) het nie; en baie ander dinge is daar wat hulle aangeneem het om te onderhou: die wassery (βαπτισμοὺς = **βαπτισμός**)*

*van bekers en kanne en kopergoed en **bedde.*** (Mar 7:4; verg. Heb. 9:10)

- Ja, dui liewer op was (afspoel)

- **Gaan die besnydenis oor na die doop in die N.T.?**
  - Ja, vir ten minste twee redes
    - Die ooreenstemming in die formule
      - Gen. 17:7
      - Hand. 2:39
    - Kol. 2:11, 12
      - Ons het gesien dat die besnydenis-teken se doel was nie om daarop te dui dat OT gelowiges aan die Joodse volk/Die nasie Israel/etniese groep behoort nie
      - In Kol. 2:11,12 word die betekende saak van die besnydenis en die betekende saak van die doop aanmekaar gelyk gestel word
        - Daarom dat die tekens na feitlik dieselfde gewys het
        - Die enigste verkil:
          - Besnydenis: voor Jesus se koms
          - Doop: Na Jesus se koms

      [Dit waarna die besnydenis wys:]
      *11 in wie (in Christus is ) julle ook besny ... met 'n besnydenis wat nie met hande verrig word nie, deur die liggaam van die sondige vlees af te lê in die besnydenis van Christus,*
      [Dit waarna die doop wys]
      *12 omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin [in wie] julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het*. (Kol. 2:11-12)

- **Hoekom is besnydenis nie aan dogtertjies gegee nie?**
  - Hulle was geleer waarna die teken wys
    - Die besnydenis wys juis nie na die persoon se persoonlike geestelike realiteit nie

        - Dit maak juis die punt dat die tekens na 'n obketiewe/geestelike/onsigbare saak dui

- **Hoekom is dit nou verkeerd om te besny op grond van die leer van die OT?**
    - Dit het vorentoe na Christus gedui
        - Soos wat die pasga vorentoe gewys het, en waarvan die nagmaal nou die oorgang van die pasga is

- **Bring kinderdoop valse gerustheid?**
    - Nee, juis nie
        - Want aan elkeen behoort geleer te word van die BETEKENDE SAAK
            - Bekeer jou tot vergifnis van sondes!

- **Bring belydenisdoop onsekerheid?**
    - Dit kan,
        - want uit die verstaan van die belydenisdoop wys die teken na my geloof en nie God se beloftes nie

- **Wys Hand. 2:38,39 nie duidelik na die proses van bekering, glo, doop nie?**

    *38 En Petrus sê vir hulle: **Bekeer julle**, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus **tot vergewing van sondes**, en julle sal die gawe*[1] *van die Heilige Gees ontvang. 39 Want **die belofte*** (JO:Bekeer tot vergifnis van sondes en dan die gawe van die Heilige Gees) *kom julle toe en **julle kinders** en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep.* (Hand. 2:38-39)

    - **Wat hierdie vers leer:**
        - Dit waarna die doopteken wys
            - die belofte van die bekering tot vergifnis van sondes ("geregtigheid van die geloof")
                - behoort ook aan die **kinders van gelowiges**
                - **[dit sê nie hulle het dit nie]**

[1] "Gawe van die Heilige Gess" gaan in Hand. gepaard met die sigbare wonders wat deur die HG gewerk word (Hand. 8:20; 10:45; Hand. 11:17). Dit is in lyn met die profesie van Joel 2:28 ens., maar dit kan nie geskei word van die reddende werk van die Heilige Gees wat saam met hierdie gawes gegaan het nie (Hand. 2:21;

*4 Johannes het gekom en was besig om in die woestyn te doop en die **doop van bekering tot vergifnis van sondes te verkondig**.* (Mar 1:4 AFR)

***bekering en vergewing van sondes** in sy Naam verkondig word aan al die nasies, van Jerusalem af en verder.* (Luk 24:47 AFR)

- Dit is so dat die "Gawe van die Heilige Gees" in hierdie konteks en in die res van Handelinge **geassosieer word met die praat in tale**
  - Soos wat Joel 2 geprofeteer het
    - Dit sou gebeur as bewys dat die Gees uitgestort is
    - Dat Jesus die Christus is
  - Dat Jode, sowel as heidene, tot redding kom
    - Kyk maar na die ander voorvalle waar die "Gawe van die Heilige Gees" is

- Maar ons kan nie die gawe van die Heilige Gees absoluut beperk tot die praat in tale nie
  - Die praat in tale as 'n gawe, is maar net **'n uiterlike bewys van die innerlike gawe: die geloof**
  - Want dit is die geloof wat as gawe aan mense gegee word waardeur hulle gered word
  - **Selfs volgens Joel se profesie** was die doel: die redding van mense

*En elkeen wat die Naam van die HERE aanroep, sal gered word;* (Joel 2:32)

*En elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.* (Hand. 2:21)

- Dus die **belofte van bekering tot vergifnis van sondes**, behoort ook aan die kinders van gelowiges

*Ek sal my Gees op jou kroos giet en my seën op jou nakomelinge*.
(Jes. 44:3)

- **As daar geargumenteer word dat 'n persoon NIE eers moet hoor, verstaan en glo voordat hy gedoop word NIE, geld die selfde argument dan nie ook by die nagmaal nie - dat die kind nagmaal kan gebruik onder toesig van sy ouers, omdat hy beskou <u>word as gered</u> tot dat die teendeel bewys word?**
    - Eerstens, God beveel nie dat 'n kind van gelowiges gedoop word omdat ons reken die kind is gered nie
        - Daar is 'n verkeerde aanname in die vraag
        - Die Bybel leer dat **die belofte** (van die geregtigheid van die geloof, bekering tot vergifnis van sondes) ook die **kind van gelowiges** ouers toe kom
            - Hy is as't ware 'n dissipel van Jesus, daarom doop ons
                - Dit is wel waar dat die kind nie noodwendig hierdie waarheid BESIT nie

            - Ons voed ons kinders op met die aanname dat hulle gelowiges is

              *4 En vaders, moenie julle kinders vertoorn nie, maar voed hulle op in die tug en vermaning van die Here*. (Ef. 6:4)
                - Ons bid saam **met hulle die Onse Vader**

            - Die nagmaal aan die ander **kant se vereiste is wel** dat die persoon die onderskeid tussen **die liggaam van die Here** en **die afgode kan onderskei**
                - Ouderlinge hou toesig daaroor

                  *28 Maar die mens **moet homself beproef** en só van die brood eet en uit die beker drink.29 Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl **hy die liggaam van die Here nie***

***onderskei nie [die persoon moet weet waarvoor Jesus staan]***.(1 Kor. 11:28-29)

- **Dui Rom. 6:3 en Gal. 3:26-27 nie daarop dat slegs belydende (en werklike) gelowige gedoop word nie?**

  *3 Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? 4 Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel*. (Rom. 6:3-4)

  *26 Want julle is almal kinders van God deur die geloof in Christus Jesus;*
  *27 want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus beklee*. (Gal 3:26-27)

  - Paar opmerkings
    - Die doop kan nie wys na iemand wat werklik gelowiges is nie, want slegs God weet wie werklik gelowig is (Matt. 7:1)
    - In hierdie verse dui dit daarop dat (werklike) gelowiges <u>dit besit</u> (of in dit glo) waarna <u>die doopteken wys</u>
      - M.a.w. die doop (die teken) wys na die afwassing van die sonde deur Christus se bloed (betekende/geestelike/inwendige/onsigbare saak)
    - Hierdie gelowiges in Rom. 6:3 kon tog nie fisies (letterlik) in Christus gedoop gewees het nie?
      - Dan kan mens daarin verval dat mens dink die doop jou red
    - Al wat dit beteken dat die persoon “in Christus gedoop” is, is dat die persoon nou
      - Deel is van Christus
      - Hy glo in die vergifnis van **sy** sondes wat deur Christus betaal is
      - Hy besit die waarheid waarna die doop wys

- **Waarna dui die “*die wat die Here onse God na Hom sal roep”* (Hand. 2:39)?**

- Beteken dit dat slegs diegene wat die Here tot bekering bring die belofte van "bekering tot vergifnis van sondes" kry?
- Nee

  *bekering en vergewing van sondes in sy Naam verkondig word aan al die nasies, van Jerusalem af en verder.* (Luk. 24:47)

  *Want baie is geroep, maar min uitverkies* (Matt. 22:14)

- Baie mens kry die uiterlik roeping (sit onder die prediking/ sit onder die leer) sonder dat hulle tot bekering kom
  - Soos wat met Israel die geval was

    *2 Want aan ons is die evangelie ook verkondig net soos aan hulle* (Israeliete) (Heb. 4:2)